Printed by Creda Communications

(Engelse teks deur die Premier geteken)
(Bekragtig op 28 Junie 2004)

WET

Om ingevolge artikel 226(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) en artikel 58(2) van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998) bedrae geld te bewillig vir die finansiële behoeftes van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering in die boekjaar wat op 1 April 2004 'n aanvang neem en op 31 Maart 2005 eindig.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Bewilliging van bedrae geld vir die finansiële behoeftes van Wes-Kaapse Provinsiale Regering

1. Hiermee word die bedrae geld soos uiteengesit in die kolomme van die Bylaes bewillig vir die finansiële behoeftes van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering in die boekjaar vanaf 1 April 2004 tot 31 Maart 2005. Die Provinsiale Inkomstefonds word met hierdie bedrae belas.

2. Die formaat van die Bylaes voldoen aan die vereistes uiteengesit in artikels 1 en 43 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).

Kort titel en inwerkingtreding

3. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Begrotingswet, 2004 en tree op 1 April 2004 in werking.